

Hoe kan God sommer net geregtigheid vir die skape gee?

[Verbond met Abraham (4) – Offer van Isak – Genesis 22:1-19]


In 'n vorige artikel ([Sien Artikel “Hoe word ek 'n skaap?”](#)) het ons gesien dat God vir Abraham geregtigheid **gegee** het sonder dat hy dit verdien het - hy het bloot God se beloftes geglo. Dit is onverwags dat God, wat absoluut heilig is en telkens aangedui het dat Hy sondes sal straf, nou eenvoudig Abraham se sondes uitwis sonder dat iemand sterf (dink maar net aan die verbond met Noag waar God die oordeel oor sonde nie afstel nie, maar bloot uitstel). God het immers van die begin af gesê dat Adam en Eva sal sterf as hulle ongehoorsaam is (Genesis 2:17). Die volgende stuk geskiedenis van Abraham werp lig hierop.

Abraham moet vir Isak offer (Genesis 22:1-19)

'n Paar jaar na die geboorte van Isak neem gebeure 'n dramatiese wending: God beveel Abraham om Isak te gaan offer! Nie net is Isak die seun waarvoor Abraham 25 jaar gewag het nie, maar hy is ook die een deur wie God belof het om vir Abraham 'n groot nageslag te gee! Genesis 22:1 maak dit duidelik dat God Abraham deur hierdie opdrag getoets het. Weereens is Abraham gehoorsaam. Hy tref al die voorbereidings en vertrek die volgende dag na Moria. Op pad vra Isak vir Abraham wat hulle gaan offer siende dat hulle alles by hulle het vir 'n offer, behalwe die offerlam. Abraham antwoord eenvoudig: “*God sal sy eie offerlam voorsien*”. Wat 'n voorbeeld van vertroue in God en sy beloftes! Abraham redeneer: As God vir my 'n groot nageslag belof het deur Isak én God beveel my om Isak te gaan offer – wel, dan kan net God voorsien wat nodig sal wees sodat ek steeds gehoorsaam kan wees én vas kan hou aan God se beloftes!

Dit is presies wat gebeur: As Abraham op die punt is om sy seun te offer, keer God hom, en voorsien wonderbaarlik 'n skaapram wat daar naby in 'n bos vasgevang was. Volgens Genesis 22:13 het Abraham die skaapram **in die plek van** sy seun as brandoffer geoffer.

God demonstreer hiermee die belangrike beginsel van “**plaasvervanging**” – 'n ram word **in die plek van** Isak geoffer. Hierdie beginsel van **plaasvervanging** vorm 'n belangrike element in God se verlossingsplan en word al duideliker soos wat die detail van die plan duideliker word. In die Ou Testament ontwikkel die hele offerstelsel waarvolgens diere geoffer word vir die volk se sondes **in die plek van** die volk self. Dit alles wys vooruit na die koms van Jesus Christus wat **in die plek van** gelowiges (dit is Abraham se ware nageslag, oftewel die skape)



geoffer word aan die kruis vir hulle sondes. God verwag van Abraham dat hy sy enigste seun moet offer – wat sekerlik 'n groot beproewing vir Abraham moes wees. Maar dan gryp God in en voorsien 'n **plaasvervanger**: Hy gee sy eie enigste Seun as offerlam om geregtigheid vir Abraham en sy nageslag te bewerk.

God se verlossingsplan

Kom ons som die beginsels op wat God geopenbaar het deur die verbond met Abraham:

- God maak onderskeid tussen 2 groepe mense. Die groep wat God verlos, is die ware nageslag van Abraham, dit is die nageslag deur Isak, oftewel die kinders van die belofte. In die Ou Testament is dit die volk Israel, en later in die Nuwe Testament word hulle onder andere beskryf as die skape of die voorwerpe van God se ontferming.
- God neem die inisiatief en roep Abraham. God besluit om Abraham se nageslag deur Isak te verlos, nie deur Ismael nie. Dit is God wat besluit watter mense behoort aan watter een van die twee groepe. Dit is die beginsel van uitverkiesing.
- God neem volle verantwoordelikheid vir die verlossing van Abraham se nageslag. Hy beweeg immers alleen tussen die stukke vleis deur.
- God onderneem om geregtigheid te bewerk vir die nageslag van Abraham deurdat Hy die offerlam sal voorsien wat in hulle plek vir hulle sondes versoening sal doen – 'n duidelike bewys dat God al die verantwoordelikheid op Hom neem. Die offerlam is natuurlik Jesus Christus.
- God gee hierdie geregtigheid wat Christus bewerk het vir Abraham en sy nageslag wanneer hulle glo.
- God is genadig en gee 'n verskeidenheid van genademiddele om Abraham en sy nageslag se geloof te versterk. Dit sluit in: teken van die sterre in die hemel, God wat alleen tussen die stukke vleis deurbeweeg, verandering in Abraham en Sara se name en die besnydenis. In die Nuwe Testament gee God soortgelyke middele aan die gelowiges. Onder andere sluit dit die sakramente van die doop en nagmaal in.

In Genesis 22:15-18 bevestig God weereens sy verbondsbeloftes aan Abraham. Maar hierdie keer gaan God nog verder: Hy bevestig hierdie beloftes deurdat Hy 'n eed aflê. Hierdie eed lê Hy by Homself af – daar is immers niemand hoër of meer betroubaar as God self nie. Die eed bevestig die beloftes staan onwrikbaar vas. Die Hebreërskrywer sê God het juis die beloftes bevestig met 'n eed sodat die erfgename van die belofte, m.a.w. die skape, bo alle twyfel seker kan wees dat God se besluit onveranderlik is. Dit is 'n kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop wat vir die skape weggeleë is (Hebreërs 6:17-18). Met reg kan ons vashou dat die Abrahamverbond 'n ewige verbond is, en die beginsels wat hier vasgeleë is, is vandag steeds die beginsels van God se verlossingsplan (Genesis 17:7).